**<u>Ondernemingsvorme:</u>**

- Die week gaan ons begin met ondernemingsvomre julle het dit liggies geraak in graad 9 maar graad 10 gaan julle dit baie meer in “detail” leer.
- Die onderwerp gaan jy bestudeer tot en met graad 12 so hoe vinnager julle die basiese beginsels leer hoe beter
- Die hoofstuk begin op bladsy 69, ons gaan die hoofstuk oor twee weke behandel.
- Hierdie week behandel ons slegs bladsy 69-74
- Gaan som dit weer vir jouself op in kolom vorm om vir jouself dit makliker te maak om te vergelyk en te leer.
- Geen huiswerk die week nie ons sal volgende week aan die einde van die onderwerp ‘n aktiwiteit voltooi.
- Juffrou he gook vir julle die vorige aktiwiteite se antwoorde aan sodat julle dit self kan gaan merk en kyk waar julle foute gemaak het.
- Ons sal dir wel weer in die klas merk.

## Hersieningstoets: Maatskaplike verantwoordelikheid (LB bladsy 68)

1. Die uitvoer van sakebedrywighede op so manier dat dit bydra tot die welstand van belanghebbendes en die omgewing.

2.

- Betrokkenheid by korporatiewe maatskaplikee verantwoordelikheid hou die volgende voordele vir ondernemings in, dit:
    - help om die beste kandidate te werf.
    - help om die onderneming se beeld te verbeter.
    - help om klantelojaliteit te bou.
    - help om beleggers te lok wat sensitief is teenoor maatskaplike verantwoordelikheid.

3. Leerder se eie antwoord.

**Onderwerp 2: Maatskaplike verantwoordelikheid**

1.1
- "Sosiale" verwys na mense.
- "Verantwoordelikheid" verwys na 'n plig of verpligting teenoor iemand.
- Sosiale verantwoordelikheid is 'n onderneming se verpligting om by te dra tot die welstand van mense.

1.2
- Om die gemeenskap te help om ondernemings te begin wat aan die gemeenskap behoort.
- Om werk te skep.
- Om onderrig aan die Lidgetton-gemeenskap te gee.

1.3 Leerder se eie antwoord. Voorstelle sluit in:
- Tsonga vervaardig skoene en handsakke. "Threads" (garing) word in die vervaardigingsproses gebruik.
- Die trust probeer om vir die gemeenskap hoop te gee.

1.4 KZN is 'n baie populêre toeristebestemming.

1.5 'n Plek met 'n hoë konsentrasie winkels en ondernemings.

1.6 Die trust help mense om selfonderhoudend te word.

1.7 Die European Union Job Creation Fund / Die Werkskeppingsfonds van die Europese Unie.

1.8
- Verskaf daagliks maaltye aan die plaaslike crèche.
- Bedryf 'n rondgaande kliniek.
- Bied Vigsvoorkomingsprogramme aan.

1.9 Leerder se eie antwoord.

1.10
- Werkloosheid: "...om werk te skep..."
- Ongeletterdheid: "...bied onderrig..."
- Armoede:"...verskaf daagliks maaltye aan die plaaslike crèche..."
- MIV / Vigs:"...MIV voorkomingsprogramme."

1.11 Oorweeg leerders se eie antwoorde.
1.11.1 Geld wat aan iemand toegeken word sodat daardie persoon verder kan studeer.
1.11.2 Iemand wat 'n voordeel trek uit iets, soos byvoorbeeld Thread of Hope Trust.
1.11.3 Gebiede buite stede en dorpe.
1.11.4 'n Speelgroepie vir jong kinders.

1.8.2

| | |
|---|---|
| "Go-slow" | Werknemers daag op vir werk maar werk baie stadiger en vervaardig heelwat minder goedere as gewoonlik. |
| Simpatie-stakings | Lede van ander vakbonde, wat nie in 'n geskil met hulle werkgewer gewikkel is nie, sluit by die staking aan uit ondersteuning vir die werknemers wat wel in 'n geskil betrokke is. |
| Sitstaking | Werknemers daag op by die werk maar weier om enige werk te doen. |
| "Wildcat staking" | Onwettig – vind plaas sonder enige waarskuwing. |
| "Work to rule" | Werkers veroorsaak 'n afname in produksie deur net die minimum te doen. |
| Uitsluiting | Werknemers word deur hulle werkgewer uitgesluit en toegang tot die werksplek geweier. |

1.8.3

- Stakings en politieke steurnisse skrik potensiële beleggers af.
- Stakings veroorsaak 'n afname in produksie.
- 'n Staking kan ernstig genoeg wees dat 'n onderneming moet toemaak.
- Stakings lei tot verliese aan inkomste.

1.9

- 'n Piramideskema is 'n soort bedrieglike beleggingskema.
- Een persoon is bo-aan die piramideskema – hierdie persoon belê geld in die skema.
- Hierdie persoon werf dan 'n aantal ander mense vir die tweede vlak van die piramide – elkeen van hierdie mense belê ook geld in die skema.
- Die mense op die tweede vlak moet dan elkeen ook 'n aantal mense werf om geld in die skema te belê.
- Die persoon bo-aan die piramide kry geld van almal onder hom op die piramide.
- Die mense op die ander vlakke van die piramide kry geld van die mense nog laer as hulle.
- Die probleem met piramideskemas is dat nuwe beleggers gewoonlik vinnig opdroog.
- Mense word bedrieg om te glo dat hulle geld gaan maak terwyl dit net 'n kwessie van tyd is voordat die piramide inmekaarval.

## Hersieningstoets: Sosio-ekonomiese kwessies (SG bladsy 62)

1.

| | |
|---|---|
| Sosio-ekonomiese kwessies | • Verwys na probleme wat die ekonomie en mense negatief affekteer. |
| Omkopery | • Geld word aangebied om iemand te beïnvloed. |
| Stakings | • Vind plaas wanneer werkers weier om te werk. |
| Geldwassery | • Vind plaas wanneer die bron van geld wat onwettig bekom is, versteek word |
| Piramideskema | • 'n Tipe bedrieglike beleggingskema. |

## Kwartaal 2

### Onderwerp 1: Hedendaagse sosio-ekonomiese kwessies

1.
1.1
- Ongemagtigde kopiëring
- Geldwassery
- Dwelmhandel
- Arbeidsoptrede
- Misdaad
- Werkloosheid

1.2
- "Sosio" verwys na mense.
- "Ekonomiese" verwys na 'n land se ekonomie.
- "Kwessie" verwys na 'n probleem.
- Sosio-ekonomiese kwessies verwys na probleme wat 'n land se mense en ekonomie negatief beïnvloed.

1.3 Leerder se eie antwoord.
- Nagebootsde DVD's is goedkoop en beskikbaar.

1.4 Leerder se eie antwoord.

1.5 Die vermaaklikheidsbedryf verloor baie inkomste as gevolg van nagebootsde DVD's. Dit beteken dat daar moontlik nie genoeg geld mag wees om akteurs te betaal of nuwe films te maak nie. Dit kan 'n verlies van werksgeleenthede veroorsaak.

1.6 Leerder se eie opinie.

1.7
1.7.1
- Ondernemings spandeer baie geld om armoede en ongelykheid te verlig met sosiale verantwoordelikheidsprogramme.
- Ongelykheid en armoede krimp die mark omdat arm mense nie luukshede kan bekostig nie.
- Dit los ondernemings met net 'n klein gedeelte van die mark aan wie hulle produkte kan verkoop.
- Ongelykheid en armoede lei dikwels tot misdade soos roof en winkeldiefstal.
- Ondernemings lei verliese as gevolg van hierdie misdade, omdat hulle geld op sekuriteit moet spandeer.
- Versekeringspremies verhoog ook wanneer ondernemings van hulle versekering eis.

1.7.2
- Beperk groei en ontwikkeling.
- Verhoog arbeidskoste.

1.8
1.8.1 Om afgedank te word beteken om jou werk te verloor.

**Onderwerp 3: Entrepreneuriese eienskappe**

1.1
- 'n Entrepreneur is iemand wat 'n sake-idee omskakel in 'n sakegeleentheid.
- Entrepreneurs werk vir hulleself.
- Entrepreneurs skep hulle eie inkomste.

1.2 Mark Shuttleworth was die eerste Afrikaan in die ruimte.

1.3 Leerder se eie antwoord.
- 'n Swak besluit kan 'n entrepreneur sy/haar bron van inkomste kos.
- Entrepreneurs dra self alle risiko's met betrekking tot hulle ondernemings.

1.4 Dit is 'n risiko om jou werk te bedank om 'n onderneming te begin. Werke bied sekuriteit en nie baie mense is bereid om hierdie sekuriteit prys te gee nie.

1.5 Leerder se eie antwoord.

1.6 Leerder se eie antwoord.

1.7 SG bladsy 66.

1.8
1.8.1 Oprah Winfrey is 'n bekende Amerikaanse TV-persoonlikheid.
1.8.2 Sir Richard Branson is 'n bekende entrepreneur.
1.8.3 Leerder se eie antwoord.

**Hersieningstoets: Entrepreneuriese eienskappe (LB bladsy 68)**

1.

- 'n Entrepreneur is iemand wat 'n sake-idee omskakel in 'n sakegeleentheid.
- Entrepreneurs werk vir hulleself.
- Entrepreneurs skep hulle eie inkomste.

2. LB bladsy 66.